Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie-waardes

## Lojaliteit

Lojaliteit beteken om getrou te wees aan 'n saak of persone waaraan 'n mens jou verbind het. Dit is geesdriftige ondersteuning en diens. Lojaliteit, getrouheid en liefde kan in dieselfde asem genoem word.

-Wie is die lojaalste mens wat jy ken? Hoekom?

-Is 'n mens se lojaliteit tenoor ander 'n weerspieëling van jou lojaliteit teenoor God?

-Sou jy meer lojaal kon wees? In watter opsigte? Dink hier byvoorbeeld aan jou gesin, huwelik, vriende, werk, kerk, jou ind se skool en die land. Is daar 'n middeweg as dit by lojaliteit kom?

Lees die tekste stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Lees Markus 14:27-31, 43-52. Gesels oor wat jou in hierdie verhaal getref het.

Hoe lojaal is jy veral in jou geloofslewe?

Lees Hosea 11. Gesels met mekaar oor die verband tussen liefde en lojaliteit. Veral liefde wat vergewe.

Lees 15:11-31. Wat is jou opinie van die lojale pa?